Broers weier om uit huis te trek

Huurder betaal nie en gee hulle die sleutel toe sy gaan
Jamey Thomas in Bellville

Eers het die huurder nooit huurgeld betaal nie.
Toe verkas sy – en nou bly twee broers sonder toestemming in die huis sonder om ’n sent te betaal.
Mev. Cynthia Veldman (78), eienaar van die huis in die Villa de Oak-kompleks in Oak Glen, Bellville, sê die huurgeld moes haar aftreegeld aanvul.
Sy en haar man het 12 jaar gelede die huis gekoop, maar sy het ná sy dood by haar dogter ingetrek.
Op 27 Maart 2009 het die huiseienaar en me. Magdalena du Plessis ooreengekom dat Du Plessis die huis van April verlede jaar teen R5500 per maand sou huur.
Veldman se dogter, me. Bernice de Roos, sê dit was “altyd ’n gesukkel om die huurgeld uit Du Plessis te kry”.
Ná ’n jaar se bakleiery oor huurgeld en talle versoeke aan Du Plessis om die huis te verlaat, het die kontrak op 1 April vanjaar verval. Sy het egter tot Augustus aangebly sonder om te betaal. De Roos en haar ma het ’n regsdokument laat opstel waarin Du Plessis beveel word om einde Augustus uit die huis te wees.

Tot hul verbasing het die bure gebel om te vra wie die nuwe huurders van die huis was.
Du Plessis het skynbaar die huissleutels aan mnre. Zane Zeelie (29) en sy broer, Johan (26), gegee. Hulle het ingetrek en betaal óók nie. “Magdalena het haar goed gevat en gewaai, maar die sleutels aan die Zeelies gegee omdat sy glo werk in Johannesburg gekry het,” sê De Roos.

“My ma het al twee hartaanvalle gehad. Sy is ’n pensioenaris wat haar aftrede moet geniet, maar nou sit sy met mediese rekeninge wat sy nie kan betaal nie en ’n huis wat elke maand geld kos pleks daarvan om haar inkomste aan te vul.”
Rapport het die Zeelie-broers by die huis aangetref, maar hulle het navrae na Veldman verwys. Konst. Riaan Julius van die Bellville-polisiekantoor het gesê Veldman moet regstappe doen omdat sy nie die bewoners van haar huis summier mag uitsit nie.

Die huiseienaar het ’n klag by die polisie ingedien en ’n hofdatum is vasgestel. Die hofsaak is egter uitgestel omdat die broers nie regsverteenwoordiging gehad het nie.

Me. **Leana Burger**, ’n eiendomsprokureur in Kaapstad, se raad aan verhuurders:
• Laat ’n waterdigte kontrak opstel deur ’n bekwame prokureur.
• Doen ’n volledige kredietnavraag met die huurder se toestemming.
• Moenie toegewings maak soos uitstel vir huurgeld gee óf skade oorsien nie.
• Maak goeie voorsiening vir kansellasie in die kontrak wanneer die voorwaardes nie nagekom word nie.
• Kry ’n deposito van twee maande se huur by die huurder.